# KERK by ‘n KRUISPAD Week 6

## Inleiding

Hoe het jou geloof jou in die week wat verby is, prakties gehelp?

## Skriflesing:

Lees **Openbaring 6 en 7** – die oopmaak van die 7 seëls

Die punt van die hele gedeelte is dat eers as die 7 seëls oopgemaak is, sal ons werklik weet wat die toekoms inhou

1. **Seëls 2-6** wil vertel van swaarkry en verdrukking, lyding en dood. Elke perd is simbolies van een of ander vorm van swaarkry of lyding. Kyk of julle dit kan raaklees:
   - **Rooi perd (6:4)**
   - **Swart perd (6:5-6)**
   - **Vaal perd (6:7-8)**

   a. In watter mate vind ons elemente van hierdie 3 perde ook in onsself? Waar steel ons bv ander se vrede? Hoe maak ons dood? Hoe laat ek ander swaarkry en weerhou ek hulp?

   b. Die **vyfde en sesde seël** beklemtoon nuut hoe swaar dit met gelowiges sal gaan. **Lees 6:9-11 en 6:12-17.** In hierdie gedeeltes word **2 vrae** (6:10 en 6:17) gevra. Wat dink julle sou dit beteken het?

      Vraag 1:

      Vraag 2:

2. Om amper as’t ware die **spanning op te bou voor die laaste seël oopgemaak gaan word** probeer hoofstuk 7 die vraag in 6:17 antwoord. **Wie sal staande bly?** Watter antwoord wil 7:7-17 gee? Watter groepe lees ons van hier wat gaan bly staan?*(kyk ook notas hieronder)*

   a. Watter hoop hou dit vir ons in, as ons lees van soveel ander wat gaan bly staan?

b. Een van die sake wat maak dat ons makliker moed opgee op ons geloof, of sonde doen en aan versoekings toegee is juis hierdie saak van alleen wees. Watter raad kan julle vir mekaar hieroor gee? **Wat werk vir jou as jy alleen is en versoek word?**

c. Hoe kan julle mekaar help?

d. Watter **simboliese waarde** hou wit klere in **7:9, 13, 14**?

e. En watter **beloftes** koppel die Here daaraan – **7:14-17.**

Lees Psalm 23 aan die einde.

**3.** Die **laaste seël word oopgemaak in 8:1-5** en daar is **'n halfuur stilte** in die hemel! Waarom dink julle sou dit die geval wees?

a. Die engele kry **trompette**. Trompette word gewoonlik gebruik vir lofprysing, maar ook vir oorlog-aankondiging. Wat sou beide hierdie kon beteken?

*(Maak reg om te worship, maar ook reg vir God wat tot die stryd gaan toetree – nou gaan die poppe dans!)*

b. Die **gebede van gelowiges** styg op tot by God – 8:3! Wat beteken dit vir jou om te ontdek dat God elke gebed van jou hoor?

**Bid vir 3 sake**

1. **Dit sal great wees as julle weer kan saam worship – as julle nie goeie singers het nie, speel 'n bekende worshiplied** en gee genoeg tyd daarna vir elkeen om die Here te loof en te prys.

2. Vir mense op my pad wat alleen is en sukkel om te bly glo.

3. **Bid vir:**
   - Corne en Angela en familie met haar afsterwe,
   - Janneman en Christelle Human met sy pa se afsterwe,
   - Vanessa Crots (rug-operasie in Mei),
   - Soveel verhoudings wat nie reg is nie,
   - Viviene wat in volgende week gaan kraam

## Verklarings van beelde en simbole

- **Boekrol** (6:1) – verteenwoordig wysheid, kennis, insig, maar ook die woord van God, asook wat die toekoms vir ons inhou
- **Verseël met 7 seëls** (6:1) – bly verborge, word bewaar, hierdie inligting is nie cheap nie, dit is kosbaar, van geweldige groot waarde, die Koning sit sy seël daarop, waarborg die gesag daarvan
- **4 lewende wesens** (6:1) - verteenwoordig alles wat geskep is en elke fasset van die skepping – leeu (wilde diere), bul (mak diere), mens, arend (voëls)= die hele skepping
- **Lam** (6:1) – verwys ook na Jesus – Jes 53:7, Jer 11:19 – verwys spesifiek na Jesus se kruisdood
- **Wit perd** (6:2) – 2 verklaringsmoontlikhede, die eerste is dat dit verwys na konings en heersers wat kamtig die mag het en oorwinnings behaal **OF** verwysing na Christus wat oorwin (19:11 ev) – ek verkies die 2e moontlikheid
- **Rooi perd** (6:4) = verteenwoordig oorlog, geweld – *sosiale boosheid – mense en verhoudings word vernietig*
- **Swart perd** (6:5) = hongersnood, droogte, gebrek – *ekologiese boosheid – ons vernietig die aarde waarop ons woon, mense en die aarde word uitgebuit*
- **Een skeppie koring vir 'n dagloon** (6:6)– al wat jou geld sal kan koop in hierdie tye – dui op finansiele swaarkry
- **Olyfolie en wyn** (6:6) – was weer die ryk mense se kos – hulle sal oorvloed hê – gaping ts ryk en arm word al hoe groter
- **Vaal perd** (6:8) = *siekte en dood – biologiese boosheid teen die liggame wat God vir ons gee, wat bedoel is om sy tempels te wees... mense gaan dood, siekte buite beheer*
- **Wit klere** (6:11) – tekens van reiniging en heerskappy
- **Son wat swart word en maan soos bloed** (6:12) – simbolies van swaar tye – die bekende orde en ritme word heeltemal versteur en deurmekaar gekrap
- **Aardbewing** – in OT as God 'n belangrike aankondiging wil maak, gaan dit gewoonlik gepaard met hierdie elemente – kyk na Exodus 19:16-17
- **4 engele by 4 hoeke met 4 winde –** (7:1) – dui aan dat dit die hele aarde in beslag neem
- **Seël** (7:2) – 'n ander seël om gelowiges te verseël, bestemming te waarborg
- **144 000** = 12 stamme van Israel/OT volk van God **x** 12 apostels/NT kerk **x** 10 **x** 10 **x** 10 (10 is die volmaakte getal) – dui op die volheid van die getal soos 7:9 wil wys
- **Lam lei na fonteiene toe** – verwys na belofte van Psalm 23